higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1160(**A**)(N28)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

HANDELSREG N4

(13030094)

28 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
HANDELSREG N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: As jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal nagesien word. ALLE werk wat jy NIE wil hê moet nagesien word NIE, moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AL die vrae in AFDELING A is VERPLIGTEND.

2. Beantwoord enige DRIE van die VIER vrae in AFDELING B.

3. Lees AL die vrae deeglik deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

AL die vrae in AFDELING A is VERPLIGTEND.

VRAAG 1

1.1 Verduidelik die volgende terme:

1.1.1 Bekragtiging/Ratifikasie ('Ratification')

1.1.2 Verborge gebrek

1.1.3 Jurisdiksie van 'n hof

1.1.4 Kredietverlener

1.1.5 Verkoop iets voetstoots

1.1.6 Publieke reg

1.1.7 Handelingsbevoegdheid

1.1.8 Verhandelbaarheid van 'n wissel

1.1.9 Verhuring

1.1.10 Verkoopkontrak

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf net 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Skuldvermenging word outomaties nagekom/afgelos wanneer die hoedanigheid van die skuldenaar en die skuldeiser een word.

1.2.2 Die Wet op Kredietooreenkomste 79 van 1995 is ingestel om voorsiening te maak vir sekere transaksies waarvolgens roerende goed gekoop of gehuur kan word.

1.2.3 Onafdwingbaar is 'n ongeskrewe waarborg wat in hierdie tipe kontrak gegee word

1.2.4 In die geval van lewering met die kort hand is die koper reeds in besit van die artikel wat gekoop word.

1.2.5 'n Huurkontrak kom alleen tot stand deur 'n skriftelike kontrak.

1.2.6 'n Weddenskap is 'n ooreenkoms wat nie onwettig of immoreel is nie en gegrond is op geluk en om 'n kans te waag.

Kopiereg voorbehou

1.2.7 Die nuwe eienaar moet wag totdat die huurkontrak verstryk het of totdat die huurder kennis gegee het (vrywillig) om te trek/om die eiendom te ontruim.

1.2.8 'n Onafhanklike kontrakteur werk onder toesig of direkte instruksie en beheer van 'n werkgewer.

1.2.9 Sessie vind plaas waar die huurder slegs sy/haar regte, maar nie sy/haar verpligtinge nie aan 'n derde persoon oordra.

1.2.10 'n Regsverpligting beteken dat die persoon wat 'n verpligting opdoen op 'n sekere wyse moet optree/doen waarop ooreengekom is.

(10 × 2) (20)

1.3 Kies 'n woord of term uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Reël 'n persoon se status ten aansien van oorsprong, geboorte en dood	A	dubbelsinnige klousules
1.3.2	Raak struktuur en bevoegdhede en funksies van alle staatsdepartemente	B	reg van individualiteit
1.3.3	Daar word wyd aanvaar dat dit ingestel is op die algemene publiek, tensy dit op 'n spesifieke persoon gerig is	C	personereg
1.3.4	Dit word in harmonie met die hele dokument of kontrak gebring	D	advertensie
1.3.5	Handel oor die goeie naam, integriteit en eer van individue	E	administratiefreg
		F	belonings ('rewards')

(5 × 2) (10)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B:

Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in AFDELING B.

VRAAG 2

2.1	Noem EEN onderafdeling van publieke reg.		(1)
2.2	Noem VYF gevalle waar die verkoper nie vir verborge gebreke aanspreeklik is nie.	(5 × 2)	(10)
2.3	Noem VYF voorwaardes vir betaling, soos in artikel 3 genoem.		(5)
2.4	Noem en verduidelik SES vereistes vir 'n geldige aanbod.	(6 × 2)	(12)
2.5	Noem SES verpligtinge van 'n verhuurder ('landlord').		(6)
2.6	Noem AGT gevalle waar 'n huurkontrak tot 'n einde kan kom.	(8 × 2)	(16)
			[50]

VRAAG 3

3.1	Noem DRIE partye wat by 'n siviele saak betrokke is.	(3 × 2)	(6)
3.2	Noem TWEE partye wat by 'n promesse betrokke is.		(2)
3.3	Noem VIER beperkings van die Wet op Kredietooreenkomste soos vervat in artikel 9, 10 en 11.	(4 × 2)	(8)
3.4	Noem DRIE regte van 'n verhuurder ('landlord'.)	(3 × 2)	(6)
3.5	'n Kontrak kan op verskillende maniere beëindig word. Noem en bespreek NEGE verskillende manier om 'n kontrak te beëindig.	(9 × 2)	(18)
3.6	Noem VYF tipe kruisings op tjeks.	(5 × 2)	(10)
			[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1	Noem DRIE gevalle waar 'n verkoper nie vir die uitsetting van die koper aanspreeklik sal wees nie.	(3 × 2)	(6)
4.2	Noem DRIE dinge wat onder geen omstandighede verkoop mag word nie.	(3 × 2)	(6)
4.3	Bespreek kortliks afbetalingsverkoopstransaksies		(4)
4.4	Noem VIER redelike dwalings ('mistakes').	(4 × 2)	(8)
4.5	Onderskei tussen *materieel/wesenlik* en *niematerieel/niewesenlik* ten opsigte van 'n oortreding/misdryf/onregmatige daad ('wrongdoing').	(2 × 4)	(8)
4.6	Noem NEGE situasies waarin 'n werkgewer 'n werknemer sonder kennisgewing uit sy/haar pos kan ontslaan.	(9 × 2)	(18)
			[50]

VRAAG 5

5.1	Noem TWEE tipes konstruktiewe lewering.	(2 × 1)	(2)
5.2	Noem DRIE situasies wanneer 'n kontrak vernietigbaar sal wees.	(3 × 2)	(6)
5.3	Noem SEWE vereistes vir 'n geldige akseptasie/aanvaarding.	(7 × 2)	(14)
5.4	Noem VIER onderafdelings van 'n stilswyende waarborg.	(4 × 2)	(8)
5.5	Noem DRIE essensiële kenmerke (*essentialia*) wat 'n huurooreenkoms van ander kontrakte onderskei.	(3 × 2)	(6)
5.6	Noem VYF omstandighede waarin die kredietontvanger 'n kredietooreenkoms kragtens artikel 13 kan beëindig ten aansien van die 'afkoeltydperk'.	(5 × 2)	(10)
5.7	Onderskei tussen *siekteverlof* en *normale verlof.*	(2 × 2)	(4)
			[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL 200

Kopiereg voorbehou